

GIDS VIR DIE VERBOUING VAN GENETIES AANGEPASTE MIELIES

*Doeltreffende risiko-beheer met
YieldGard®*

*Oor-die-kop-onkruidbeheer in
Roundup Ready®-mielies*



Yieldgard®-mielies, RSA Patentregtenommer 91/1417 en Roundup Ready®-mielies, RSA Patentregtenommer 86/5921 en VSA-patentregtenommer 4535060, is geregistreerde handelsmerke van Monsanto SA (Edms) Bpk, Posbus 69933, Bryanston, 2021, Tel (011)7908200. Die produkte kan ingevolge die GMO-wet, Wet 15 van 1997, die Plantverbeteringswet, Wet 53 van 1976, asook die Wet op Planttelersregte, Wet 15 van 1976, slegs verbou word indien daar 'n wettig getekende ooreenkoms tussen die produsent en Monsanto SA (Edms) Bpk, bestaan.

Wetgewing

Die GMO-wet, Wet 15 van 1997, die Wet wat geneties veranderde gewasse in die RSA beheer, die Plantverbeteringswet, Wet 53 van 1976, asook die Wet op Planttelersregte, Wet 15 van 1976, beheer ook Roundup Ready®- en Yieldgard®-mielies. Dit is gevolglik 'n oortreding van die wet om:

- Roundup Ready®- of Yieldgard-mielies te plant sonder 'n wettige, getekende lisensie-ooreenkoms met die patentereghouer, Monsanto SA (Edms) Bpk.

Nie kennis te neem van die lisensie-voorwaardes en dit stiptelik na te kom nie. (Neem ook kennis van die strafklousules in die kontrak wat u teken indien die lisensie-voorwaardes verbreek word.)



DOELTREFFENDE STAMBOORDERBEHEER MET Yieldgard®-MIELIES



*U gevaarlikste vyand -
die mieliestamboorder!*

Waar daar mielies geproduseer word, beroof mieliestamboorders *Busseola fusca* en/of *Chilo partellus*, boere van 'n deel van hul opbrengs.

Dit is bekend dat die skade wat mielie-stamboorders aan 'n boer se oes aanrig tussen 6% en 30% van die oes beloop.

Stamboorders voed op elke deel van die mielieplant - die stronk, blare, pluim, die kopskag, kopblare en graan - en rig skade aan wat die beweging van water en voedingstowwe deur die plant verhinder en sodoende oeste verlaag.

Die skade en verliese wat boere in Suid-Afrika ly, beloop jaarliks honderde miljoene rand.

Mielieboere moet elke seisoen veg teen tot soveel as drie generasies mieliestamboorders.

Die standaard chemiese middels vir die beheer van mieliestamboorders kan tydrowend en oneffektief wees,

!



dikwels vanweë opeenvolgende besmettings deur die seisoen en klimaatsomstandighede wat toediening van chemikalieë bemoeilik.


Tydsberekening van toedienings is gevolglik bepalend en weens beperkte toedieningstye om effektiwiteit te verseker, sal veelvoudige toedienings nodig wees om opeenvolgende geslagte stamboorders te onderdruk.

Selfs al was dit moontlik, is doeltreffende beheer van stamboorders vir die hele seisoen onwaarskynlik.

*Ons stel YieldGard™
Insekbeskermede mielies bekend:*

Die eerste Bt-mielies wat die stam, blare, bladskede en koppe beskerm teen *Busseola fusca* en *Chilo partellus*, - van opkoms tot wanneer die oes vasgelê is.

2.





Beter Beskerming en hoër Opbrengste deur Biotechnologie

Oesopbrengs is die belangrikste faktor vir enige mielieprodusent. Dus, hoe beter u mielies teen oesrowende insekte beskerm is, hoe meer geld beland in u sak.

Dit is nou moontlik om mielieproduksie op die lange duur meer winsgewend te maak met gesonder plante en groter oeste as ooit tevore.

Monsanto se nuwe geentegnologie, YieldGard™, gee ingeboude beskerming teen meliestamboorders in die mielieplant self.

Hoe werk Yield Gard™ -beskerming?

Die beskerming word voorsien deur 'n bakterie wat natuurlik in die grond voorkom, bekend as *Bacillus thuringiensis*, of *Bt*.

Met Monsanto se gevorderde biotegnologie word die *Bt*-geen deel van die plant gemaak waar dit 'n proteïen produseer, wat wanneer stronkboorders aan die plant



sou eet, bind met ontvangsareas (reseptore) in die insek se maag, wat veroorsaak dat die maagwand afbreek. Na 'n paar happies hou die boorder op met vreet en vrek binne 72 uur.

Maar die belangrikste rede waarom Bt so effektief is, is omdat Bt-proteïen teenwoordig is teen effektiewe dosisvlakke – vanaf ontkieming tot rypwording in die mielieplant.

Yieldgard™ voorsien dus beskerming teen veelvoudige geslagte stamboorders vanaf plant tot fisiologies ryp. U oes het gevolglik die geleentheid om tot volle potensiaal te ontwikkel. Swaar stamboorderinfestasië

Plaas 'n prys op produktiwiteit.

YieldGard™ is u versekering teen groot skade deur die mieliestamboorder. Byvoorbeeld, as u 'n besmetting het wat die oes met 15% verlaag (maklik haalbaar), en u oes 3 ton/hektaar, verloor u 45 ton/hektaar.

U kan dus self sien dat beskerming met YieldGard™ oor en oor betalend is. Die ekonomiese waarde van YieldGard™ lê daarin dat dit die gebruik van insekdoders verminder, spuitkoste verminder, arbeid verminder, omval verminder en opbrengs- en graankwaliteit help beskerm.

4.



net na blom, mag egter lei tot geringe skade, en dit mag soms nodig wees om te spuit in geval van laat aanplantings.

Gesonder, meer produktiewe, hoë opbrengsmielies


Wanneer mielies teen die mieliestamboorder beskerm word, is daar ook optimale beskikbaarheid van noodsaaklike voedingstowwe en water om hoë opbrengste te produseer.

Dit is veral belangrik in swakker jare, soos tydens die gereelde semi-droogtes in Suid-Afrika.

Uitgeholde stamme wat omval as gevolg van stamboorderaktiwiteit is nie meer 'n probleem nie.

Aantal besmette pitte per kop:

Bron: 1995-97 Iowa State University Research, natural European maize borer infestations.





Alles inaggenome beteken dit 'n gesonder plant, uiteindelik 'n meer produktiewe boerdery-onderneming.

Onafhanklike veldproewe dui op 'n oestoename van tussen 10% en 30% met YieldGard™ en meer as 95% beheer van stamboorders (*Busseola fusca* en *Chilo partellus*).

Deur mieliestamboorders te beheer, is daar minder vreeskade aan mieliekoppe. Dit beteken dat daar minder plekke is waar fusarium-swamme kan groei. Fusarium-swamme produseer giftige stowwe, waarvan die belangrikste een *fumonisien* is.

YieldGard^{MT} en veiligheid

Dit is belangrik om te weet dat die Bt-proteïen slegs effektief is teen sekere lede van die lepidoptera inseksgroep, wat mieliestamboorders insluit. Afgesien van hierdie Bt-sensitiewe insekte het geen ander lewende organisme daardie spesifieke ontvangsarea (reseptore) nie. Die Bt-proteïen se prikkels kan dus nie in die maag van enige lewende organisme werk nie, net soos 'n kassetband nie op 'n CD-speler kan werk nie. Dit het geen uitwerking op enigiets anders behalwe die teikeninsekte nie - nie op ander insekte, voëls, visse, diere of die mens nie. Deur YieldGard™ te gebruik, word die gebruik van insekdoders beperk. Afgesien van die algemene voordeel vir die omgewing, word u en u plaaswerkers dus minder blootgestel aan die gevare verbonde aan die hantering van insekdoders.

6.



Die beste basters word ontwikkel met YieldGard™ Mtegnologie.

Die verbetering van mielies met die Yieldgard™ - geen beteken nie dat enige ander genetiese voordeel verdwyn nie. Met Yieldgard™ word die beste ieliestamboorder-beheer toegevoeg tot die beste baster. Dus word die beste basters toegelaat om die volle opbrengspotensiaal te bereik.



Insekweerstand bestuur: Die sleutel tot 'n hoër opbrengs-toekoms.

Deur die voortdurende skommeling van gene vaar Moeder natuur heel goed om weerstand te bewerkstellig. Ons navorsers is oortuig dat die beste manier om die voorkoms van bestande populasies te bewerkstellig, is om effektiewe beheer in die teikengebied te kombineer met 'n nabygeleë toevlugsgebied. Dit is 'n gebied waar slegs nie-Bt-mielies geplant word, en geen-Bt-gebaseerde plaagmiddel gebruik mag word nie. Binne die toevlugsgebied kan vatbare meliestamboorders voed en teel sonder blootstelling aan die Bt-proteïen.



Dit klink miskien nie na 'n goeie plan nie, maar dit behou 'n populasie boorders wat nog vatbaar is vir die Bt-proteïen in Bt-Yieldgard™-bevattende mielies. Wanneer lede van die populasie paar met bestande insekte, wat moontlik uit die beskernde landerye kom, oorheers hul vatbare gene enige bestande gene in die algehele genepoeltotaal.

So verseker die boer dat 'n klein (maar baie belangrike) populasie van vatbare insekte naby genoeg is sodat vatbare insekte kan oorleef en enige weerstand wat kan ontstaan, sal oorkom.

Die "Toevlugsoord": Bestuur van insekweerstand

Volg hierdie eenvoudige stappe om mieliestamboorders doeltreffend met Yieldgard™ te beheer :

1. Plant Yieldgard™ - mielies vir effektiewe beheer van mieliestamboorders.
2. Plant 'n nabygeleë toevlugsgebied binne sewe dae na die aanplanting van Yieldgard™-mielies, met gewone nie-Bt-mielies met soortgelyke groeiseisoenlengtes. Dit voorsien 'n veilige oord waar vatbare stamboorders kan oorleef en sodoende moontlike weerstandbiedendheid teenwerk.

B.



3. Toevlugsgebiede moet op dieselfde land en onder dieselfde groeitoestande as YieldGard™ geplant word.
4. Geen Bt-gebaseerde plaagmiddel mag in die toevlugsgebied gebruik word nie. In die geval van Opsie A mag ander geregistreerde insekmiddels gespuit word. In Opsie B mag geen insekmiddels gespuit word nie.
5. Monitor en verken u landerye dikwels. Indien 10% blaarskade wat deur stamboorders veroorsaak is (haelgeweersimptome), in YieldGard™-landerye voorkom, kontak dadelik die Monsanto-verteenwoordiger, saadhandelaar of tegnologiekonsultant.
6. As meer spesifieke inligting oor toevlugsgebiede verlang word, kontak ook bogenoemde.



Larwes per plant

Oortewende Larwes (na 10 dae voeding)




Bron: S. Afr. Tydskr. Plant
Grond 1999, 16(1).

10. Toevlugsoorde en weerstand sbestuur

R Bestand


S Vatbaar





Opbrengsdata

Bron: S. Afr. Tydskr. Plant Grond 1999, 16 (1)



Isolering van Bt-mielie-aanplantings:


Om te help voorkom dat Bt-mielies sal kruisbestuif met nie-Bt-mielies wat spesifiek verbou word vir Bt-vrye kontrakte, word die volgende aanbeveel:

1. Daar moet 'n tyd isolasie van nie minder as drie weke tussen die blomtyd van YieldGard™-mielies en nie-Bt-mielies gehandhaaf word. Dit sal verseker dat bestuiwing van die onderskeie landerye op verskillende tye plaasvind.




2. Landerye wat met YieldGard™ geplant word, moet nie nader as 400 meter van landerye met nie-Bt-mielies af wees nie. Die doel hiervan is om kruisbestuiwing teë te werk soos in die geval van wit- en geelmielies.
3. Bogenoemde is goeie produksiepraktyke om kruisbestuiwing te beperk, maar is geen waarborg daarvoor nie. Ander faktore soos sterk wind, en insekte kan steeds kruisbestuiwing veroorsaak oor afstande verder as 400 meter.

Opsie A: 80 / 20



20% van die oppervlakte wat met YieldGard™ geplant word, moet binne 100 meter met nie-Bt-mielies geplant word. Byvoorbeeld: Vir elke 80 hektaar mielies wat met die YieldGard™-geen geplant word, plant ook 20 hektaar mielies sonder die YieldGard™-geen wat behandel mag word met insekmiddels (Uitgesonder Bt-bevattende middels), wat geregistreer is vir die beheer van die mieliestamboorders *Busseola fusca* en *Chilo partellus*.

Opsie B: 95 / 5



5% van die oppervlakte wat met YieldGard™ geplant word, moet binne 100 meter met nie-Bt-mielies geplant word. Byvoorbeeld: Vir elke 95 hektaar mielies met die YieldGard™-geen wat aangeplant word, plant 5 hektaar mielies sonder die YieldGard™-geen wat glad nie behandel mag word met enige insekmiddel wat geregistreer is vir die beheer van mieliestamboorders *Busseola fusca* en *Chilo partellus* nie.



Nie-Bt Mielies vs.
 Bt Mielies



Bron: 1995-97 Iowa State University Research, natural European maize borer infestations



Agt belangrike redes om YieldGard™ -insekbeskernde mielies te kies

Die allerbelangrikste beweegrede van mielieverbouing is om optimum wins te genereer. (Dit is wat YieldGard™ bied, deur die oes te beskerm). Oesbeskerming met YieldGard™ bied:

- Die eerste effektiewe beheer teen meliestamboorders *Busseola fusca* en *Chilo partellus* wat duur vanaf aanplanting tot fisiologies ryp.
- Gesonder plante wat beter instaat is om ongunstige weerstoestande (droogte) en siektes te weerstaan.
- Eenvoud van gewasbestuur en stamboorderbeheer.
- Verminderde hantering van en blootstelling aan insekdoders.
- Besparing van uitgawes op plaagbeheermiddels en toediening.
- Besparing van tyd en arbeid, veral in besige somermaande.
- Beter gradering – minder meganiese skade en fusarium-besmettings op koppe.
- Gemoedsrus – baie van die kommer verbonde aan bestuurswerkverdwyn.

VERBRUIKERSGIDS VIR ROUNDUP READY®-MIELIES



Inleiding

Met die bekendstelling van Roundup Ready mielies het die Suid-Afrikaanse mielieprodusent nuwe tegnologie tot sy beskikking in die stryd teen onkruid. Hierdie tegnologie verander die totale bestaande konsep van onkruidbeheer in die produksie van mielies. Dit is belangrik dat mielieprodusente die werking en waarde van die tegnologie baie goed verstaan, om sodoende optimale voordeel daaruit te verkry.

Wetgewing

Voordat 'n produsent kan oorweeg om Roundup Ready-mielies te produseer, moet hy eers deeglik kennis neem van die wetgewing rakende die produksie van Roundup Ready-mielies voor in hierdie gids.

Wat maak Roundup Ready®-mielies uniek?

Hierdie kultivars is geneties verbeter wat dit moontlik maak om Roundup Ready-onkruidododer (L. 6702) tot en met die ware agt-blaarstadium bo-oor die mielies te spuit sonder dat die mielies enigsins geaffekteer word. Na die agt-blaarstadium **moet egter gerig gespuit word.**

15.



Die voordele van die tegnologie

- Roundup Ready[®]-onkruidodder (bevat glifosaat) is een van die mees doeltreffende breë spektrum, nie-selektiewe onkruidodders beskikbaar, wat dit moontlik maak om alle onkruid met een of hoogstens twee bespuitings te beheer.
- Dit bied ongeëwenaarde aanpasbaarheid vir die boer – die dae van spuit binne 'n bepaalde vensterperiode en beperkte omstandighede, bv grondvog en temperatuur, is grootliks verby.

Roundup Ready-onkruidodder het geen grondwerking en gevolglike wagperiode nie. Opvolggewasse kan sonder enige probleem geplant word nadat Roundup Ready-onkruidodder toegedien is.

Riglyne vir die gebruik van die onkruidodder

LW Hierdie gids vervang nie die Roundup Ready[®]-onkruidodder-etiket nie, die riglyne in die etiket moet noukeurig gevolg word om sukses te verseker.

Roundup- Ready[®]-onkruidodder is geregistreer vir gebruik op RoundupReady-gewasse, insluitende Roundup Ready-mielies. Dié onkruidodder bevat 'n

16.



unieke benattingsstelsiem en is so geformuleer dat dit die aktiewe bestanddeel, glifosaat, vinnig laat opneem en na die wortels van die onkruid laat translokeer **sonder om die mielieplant te beskadig**. Tradisionele glifosaatprodukte bevat benatters wat die blaaroppervlaktes van die onkruid kan brand en beskadig . Met Roundup Ready- mielies word glifosaat nou vir die eerste keer bo-oor die gewas gespuit en beskadigde blare beteken stres wat tot verlaagde opbrengste lei. Beskerm die opbrengspotensiaal van die gewas deur die korrekte produk te gebruik. **Monsanto aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige skade aan Roundup Ready-gewasse wat met ander glifosaatformulasies as Roundup Ready gespuit is nie.**

Onkruidbeheer programme

Omdat die klimaat van streek tot streek verskil, spreek dit vanself dat plantestand, onkruidigheid en onkruidspektrum sal wissel en gevolglik is dit baie moeilik om een onkruidbeheerprogram voor te stel. Monsanto het egter met die bekendstelling van Roundup Ready-mielies 'n reeks onkruiddoderproewe in

17.



kombinasie met Roundup Ready-onkruiddoder in al die verskillende verbouingstreke geloods. Die resultate van die proewe is binne elke streek beskikbaar en onkruiddoderprogramme kan met die inligting as vertrekpunt saamgestel word. Die boer is weliswaar die enigste persoon wat kennis dra van sy spesifieke onkruidspektrum en verbouingsomstandighede, soos rywydtes en plantestand, en gevolglik die persoon wat finaal moet besluit oor 'n spesifieke program. Gegewe al die veranderlikes is daar hoofsaaklik drie hoof scenario's wat verskillende onkruidbeheerprogramme noodsaak:





·Die eerste is waar die plantestand en grondvog baie hoog is, soos onder besproeiing. Onkruiddruk is die hoogste vroeg in die seisoen, dikwels met moeilik beheerbare onkruid soos uintjies. Hier is die aanbeveling 'n tenkmengsel van 'n beveiligde aetochloor (Guardian S) -onkruiddoder met plant Volg op met 'n bespuiting van Roundup Ready-onkruiddoder voordat die onkruid 'n hoogte van 10 cm bereik.

·Die tweede kombinasie word gebruik waar die plantdigtheid laer is, soos onder droëlandtoestande, en probleemonkruid later in die seisoen ontkiem. Hier word begin met 'n bespuiting Roundup Ready-onkruiddoder opgevolg met 'n tenkmengsel van 'n onbeveiligde aetochloor (Harness[®]) en Roundup Ready-onkruiddoder. Hiermee word die tydperk van effektiewe onkruidbeheer, veral die laat onkiemers, aansienlik verleng.

·Die derde kombinasie is waar grond nie versteur word deur skoffelaksies nie en plantdigthede nie so 'n groot rol speel nie. Hier mag slegs twee Roundup Ready-onkruiddoderbespuitings voldoende wees.



Dit is duidelik dat daar nie een program is wat vir alle situasies geld nie – 'n baie nat seisoen kan byvoorbeeld aanpassings aan die program noodsaak. Chemiese agente en Monsanto se saadagente en landboukundiges is egter goed opgelei om individuele aanbevelings te maak ten opsigte van die tegnologie en kan enige tyd geraadpleeg word.

Wat kan skeefloop met die gebruik van die tegnologie

1. Lae effektiwiteit::

- Swak waterkwaliteit
- Verkeerde dosis vir die onkruid spektrum
- Verkeerde gebruik van residuele onkruid doders
- Verkeerde glifosaatformulasie

2. Gewasskade:

- Bespuiting in die kelk na die 8-blaar stadium.
S spuitmiswegd rywing. Moenie spuit as die wind snelheid 10 kmh oorskry nie.

LW Roundup Ready is nie geregistreer vir lugbespuiting nie.

20.



Die Roundup Ready®-etiket

W Die volgende inligting vervang nie die aanwysings op die Roundup Ready onkruid doder-etiket nie.

Aanvullende inligting tot die Roundup Ready onkruid doder-etiket vir Roundup Ready-mielies

A. Algehele bespuiting

Algehele oor-die-kop bespuitings mag **SLEGS TOEGEDIEN WORD VANAF DIE GRONDKRAAKSTADIUM TOT DIE V8-GROEISTADIUM. DIT IS DIE STADIUM WANNEER 8 BLARE VOLLEDIG ONTVOU HET.** Algehele bespuitings moet nie gedoen word as daar enige moontlikheid is dat die spuittoerusting meganiese skade kan veroorsaak as dit bo-oor die mielies beweeg nie. **OOR-DIE-KOP-BESPUITINGS NA DIE V8-GROEISTADIUM MAG LEI TOT OPBRENGSVERLIESE OF VERTRAAGDE GROEI.**

Waar opvolgbespuitings vir die beheer van 'n spesifieke onkruidspesie, bv Uintjies (*Cyperus esculentus*), noodsaaklik is, mag die tweede bespuiting nie binne 10 dae van die eerste bespuiting geskied nie. Indien die mielies reeds die V8-groeistadium bereik het, kan 'n gerigte bespuiting (sien hieronder) gedoen word.



B. Gerigte bespuitings

Gerigte bespuitings kan na die V8-groeistadium gemaak word in gevalle waar ryspasiëring dit moontlik maak sonder dat die mielies meganies deur die spuittoerusting beskadig word. Ryspasiëring van 150cm en 210cm sal waarskynlik die beste werk vir konvensionele trekkegeremonteerde spuite.

totale in-die gewas-bespuiting van 10l/ha oorskrei nie.

C. Voor plant ingewerkte, vooropkoms- en na-opkomsbespuitings

Roundup Ready- onkruidodderbehandelings mag toegedien word in Roundup Ready-mieliebasters in kombinasie met Guardian S, Lasso[®] MT, Bullet[®] of Atrasien SC as vooropkomsbehandelings vir residuele werking. Volg die aanwysings op die vervaardiger se etiket.

Roundup Ready onkruidodderbehandelings mag toegedien word in Roundup Ready-mieliebasters in kombinasie met Harness[®] of Lasso MT en/of Atrasien SC as na-opkomsbehandelings vir residuele werking. Volg die aanwysings op die vervaardiger se etiket.

D. Tenkmengsels met Roundup Ready-onkruidodder in Roundup Ready-mielies



Roundup Ready-onkruiddoder mag vir vooropkomsbehandelings in tenkmengsels met Gaurdian S of Lasso MT gebruik word of saam met Harness of Lasso MT vir algehele na-opkomsbespuitings en gerigte bespuitings. Volg die aanwysings op die vervaardiger se etiket.

Roundup Ready- onkruiddoder mag NIE in 'n tenkmengsel saam met Atrasien gebruik word nie! Roundup Ready- onkruiddoder is NIE geregistreer vir lugbespuiting nie!

Algemene wenke vir die gebruik van roundup ready-onkruiddoder

- Maak seker dat spuittoerusting skoon en vry is van roes, stof of sediment van ander plaagdoders.
- Moenie in windsnelhede van meer as 10km/uur spuit nie.
- Moenie spuit as die relatiewe humiditeit minder as 40% is nie
- Moenie Roundup Ready toedien as onkruide natgedou, dormant, met stof bedek, onder stremming is, of deur koue beskadig is nie.
- Gebruik altyd skoon goeie kwaliteit water. Gronddeeltjies en organiese materiaal in die spuitwater neutraliseer die glifosaat.
- Maak seker dat die water effens aan die suur kant (pH 4-6.5) is. Buffer altyd eers die water met 'n



produkt soos Bladbuff® 5 voordat die Roundup Ready-onkruidodder bygevoeg word.

- Die byvoeging van 2% Ammoniumsulfaat neutraliseer die effek van hardewater.
- Gebruik die regte sproeistukke (bv XR Teejet 11002VK) en spuitdruk om die optimale benatting van die onkruid te verseker.

Reën of besproeiing binne twee ure na bespuiting kan die effektiwiteit van Roundup Ready-onkruidodder verlaag

Die Produsentelisensie-ooreenkoms of Tegnologie-ooreenkoms.

Die Produsentelisensieooreenkoms (PLO) of Tegnologieooreenkoms bevat die terme en verkoopsvoorwaardes van onder andere Roundup Ready-mielies. Ten einde dit vir 'n produsent moontlik te maak om Roundup Ready-mielies aan te koop moet hy instem tot die voorwaardes van die PLO. By ondertekening onderneem hy dat hy dié voorwaardes gelees en verstaan het. Die PLO dien verder as 'n afslagbewys vir die aankoop van Roundup Ready- onkruidodder. Die PLO bevat vyf verskillende gekleurde deurslagkopieë van die ooreenkoms.



- Wit koplé - Monsanto-koplé
- Geel koplé - Monsanto saadverteenvoordiger-koplé
- Pienk koplé - Roundup Ready-afslagkoepon
- Groen koplé - Agrochemiese agent-koplé
- Blou koplé - Produsente-koplé



Kortingsprogram: Roundup Ready®-onkruidodder

Ten einde produsente aan te moedig om die korrekte glifosaatformulasie (Roundup Ready-onkruidodder, (L6702) op Roundup Ready-mielies te gebruik, is 'n kortingsprogram in werking gestel. Die kern van die program is dat produsente'n aantal liter Roundup Ready-onkruidodder volgens die hoeveelheid hektare Roundup Ready-mielies aangeplant kan aankoopteen 'n korting wat jaarliks bepaal word. Roundup Ready-onkruidodder is slegs beskikbaar by agente van Qwemico, Technichem and Wenkem.

Die program werk as volg:

1. Die produsent koop die Roundup Ready-mieliesaad en voltooi 'n tegnologie-ooreenkoms (PLO) by die Monsanto-saadverteenvoordiger.
2. Die Monsanto-saadverteenvoordiger bepaal hoeveel hektaar Roundup Ready-mielies met die Roundup Ready-saad wat aangekoop is, geplant gaan word.



3. Die Monsanto saadverteenvoorder bereken vervolgens hoeveel liter Roundup Ready-onkruidodder benodig word vir twee toedienings van 2.5 liter per hektaar (bv 10 hektaar x 5 liter per hektaar = 50 liter teen die voorgestelde korting per liter). Hierdie hoeveelheid liters word dan in die produsentelisensooreenkoms (PLO) in afdeling B aangeteken.

4. Die produsent neem sy kopieë van die PLO na die agrochemiese agent wat dan die betrokke aantal liters wat op die ooreenkoms aangedui word aan hom verkoop, teen die korting per liter wat vir die seisoen bepaal is. Korting word slegs toegestaan tot 'n maksimum van vyf liter per hektaar aangeplante Roundup Ready-mielies.

5. Die agrochemiese agent moet ook op die tegnologie-ooreenkoms die spesifieke aantal liter wat teen dié korting aan die produsent verkoop is, aanteken. Die produsent moet teken dat hy die die produk in 'n goeie toestand ontvang het.

10. Weerstandbestuur

Enige onkruidpopulasie mag individue insluit wat natuurlike weerstand bevat teen die Roundup Ready-onkruidodder of enige ander groep G-onkruidodder. Raadpleeg dus die Roundup Ready-etiket vir inligting oor weerstandsbestuur.



Alle sorg is aan die dag gelê om die korrektheid van inligting in hierdie dokument te verseker. Indien u egter verdere inligting benodig, kontak Monsanto by telefoon (011) 790 8200, of e-pos: hendrik.kruger@monsanto.com

26.

TM = Handelsmerke van Monsanto Maatskapy.